

Reeks 1: Die vrug van die GEES:

Liefde, vreugde & vrede

Broer en Suster in die Here, Jesus Christus!

Dié is ons eerste reeks vir 2017. Ons is baie opgewonde oor die reeks en sien uit om saam met die gemeente, biddend, die reeks te doen. Die uitkoms van die reeks het 2 fasette. Eerstens wil ons elke gemeentelid opgewonde maak oor die evangelie van die Here, Jesus Christus, sodat elkeen kan vrug dra. En tweedens wil ons jou mobiliseer en toelaat dat God jou kan oprig op die plek waar Hy jou nodig het. Lynnwoodrif Gemeente is 'n gemeente wat lidmate oprig om sodoende die Koninkryk van God aan te kondig. Ons hoop dat die reeks dit mag doen. Ons bid dat die Here vir ons na nuwe hoogtes sal neem met die reeks! Kom meld asseblief aan as jy wil betrokke raak.

Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing.

-Galasiërs 5:22-

Geniet die reis saam met ons!

Die leraars
Lynnwoodrif Gemeente



Beskikbaar ook op ons webwerf:

www.lynnwoodrif.co.za

© Lynnwoodrif Gemeente

Tema 1: LIEFDE

Julle is welkom om slegs 'n seleksie van die materiaal te doen, of die hele Bybelstudie.

PLAAS DIE STUDIE BINNE KONTEKS

Die vrug van die Gees, so lees ons in Die Bybel is:

Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing. Teen sulke dinge het die wet niks nie... **Gal 5:22**

Wanneer ons na die vrug van die Gees kyk, dan sien ons liefde word heel eerste genoem. Dit beteken natuurlik dat liefde vir die Drie-enige God baie belangrik is, en dat liefde ook 'n teken is dat jy geesvervuld is. Die vraag is egter: Wat is hierdie liefde waarvan ons in die Nuwe Testament lees? Hoe lyk hierdie liefde in die praktyk, watter invloed het dit om ons as gemeente?

Jesus het die wil van God in terme van liefde saamgevat toe Hy die samevatting van Die Wet gegee het. Volgens Hom moet liefde die grootste deel van die gelowiges se lewe wees. Wanneer ons die Nuwe Testament lees, dan sien ons dat die Christengelowiges dit ook ernstig opgeneem het om liefde 'n realiteit in hulle lewe te maak. Dwars deur die Skrif weergalm die getuienis van liefde in hulle getuienis. Kom ons kyk hoe liefde in Die Bybel werk.

DIE HOFFOKUS VAN LIEFDE IS OP GOD

Lees **Matt 22:37-40; 1 Joh. 2:5-6; 4:21; 5:3** en verduidelik in jou eie woorde hoe jy dit verstaan.

Liefde sluit die naaste in, maar die hoofokus van liefde is op God. Hoe is dit moontlik dat mens vir God en mense kan lief wees. Om dit te verstaan moet ons onthou dat Jesus 'n groepsman in die destydse Mediterreense samelewing was:

Die mense in die Mediterreense gemeenskap (dit is die sosio-ekonomiese en kultuur konteks waarbinne Jesus geleef het) se lewe is oorheers deur die groepe waarbinne hulle geleef het. Hierdie groepe het hulle identiteit bepaal. Die leier of hoof van die groep, het die groep verteenwoordig, en die groepe was onderling aan mekaar verbind – amper soos 'n net waarmee jy visvang. As jy aan die eenkant pluk, pluk jy aan die hele net. Dit beteken dus dat as jy iets aan die leier gedoen het, het jy iets aan die hele groep gedoen. Doen jy iets aan die groep, doen jy iets aan die leier. Doen jy iets aan 'n groepslid, of die groep, doen jy dit ook aan die hele groep.

Iemand wat die Vader en Sy Seun gehoorsaam het, het dus die Vader en Sy Seun lief. Liefde is dus die **sement** wat die groep – God se geloofs familie – aan mekaar vashou.

LIEFDE TREK MENSE NA MEKAAR TOE

Omdat liefde die sement is wat mense aan mekaar vasbind, daarom kan Jesus vir die dissipels 'n “nuwe gebod” gee. **Wat is hierdie nuwe gebod?** Die nuwe gebod is dat die

geloofsfamilie van Christengelowiges mekaar eerste moet liefhet. Mense maak dikwels die fout deur te dink dat naasteliefde bokant liefde vir mede-christengelowiges is. Dit is nie korrek nie. Christengelowiges het as geloofsfamilie mekaar eerste lief, en die geloofsfamilie het as familie ander mense lief. Lees meer hieroor in **Joh. 13:34-35**.

Liefde vir medegelowiges, en liefde vir die naaste is dus daar omdat ons allereers God liefhet. Die samevatting van Die Wet in **Matt 22:37-40** was nie die nuwe gebod nie, want dit is 'n samevatting van die liefdesgebod soos dit in die Ou Testament staan (liefde vir God – **Deut. 6:5** saamgevat met liefde vir naaste (**Lev. 19:13, 18, 34**). Julle kan dit opsoek as julle wil.

Wie God lief het, Christengelowiges as geloofsfamilie lief het, het en ons naaste ook lief het, kan nie plek vir **selfliefde** hê nie. Christelike liefde kom gewoonlik in die gedaante van **diensbaarheid** voor. Lees **Gal 5:13**. Hoe werk liefde en diens hier as vennote?

HOE LYK LIEFDE BINNE ONS GELOOFSFAMILIE? - WOORDE WORD DADE

Diensbaarheid gaan saam met die waarskuwing dat ons liefde nie net woorde moet wees nie, maar in daade moet oorgaan. Dit is een van die mees basiese dinge wat Die Bybel leer. *Liefde word daarom in die Nuwe Testament baie selde aan **emosie** verbind* – anders as wat die neiging vandag meestal is. **Liefde is daade!** Waar daar gedoen word, daar is liefde teenwoordig! God het vir ons hierin die voorbeeld gestel. Sy liefde vir ons word nie in 'n emosionele optrede gesien nie, maar in 'n optrede van daade van diensbaarheid. Ons lees hieroor baie duidelik:

- God **STUUR** Sy Seun – Lees **Joh. 3:16**.
-
-

- Jesus **WAS** voete – Lees **Joh. 13:1-10**.
-
-

Lees ook **1 Kor. 13:4-7**. Hierin word die wese van liefde in die optrede van daade gesien, nie in emosie of in woorde nie. Kom ons kyk wat sê Paulus wat liefde is:

Die liefde is:

Liefde is... (13:...) Teks

4. ... is geduldig

... is vriendelik

... is nie afgunstig nie

Verduidelik die daade / optrede

Hierdie kwaliteit skep weer ruimte vir ander mense. Selfs al voel dit vir jou of die persoon jou irriteer en jy nie met die verhouding wil verder gaan nie, vra liefde dat jy meer en weer ruimte sal skep.

Hierdie kwaliteit skep weer ruimte vir ander mense. Selfs al voel dit vir jou of die persoon jou irriteer en jy nie met die verhouding wil verder gaan nie, vra liefde dat jy meer en weer ruimte sal skep.

Moenie die hele tyd ander wat iets het wat jy wil hê dit nie gun nie. Daar is nie plek om jouself voor te stoot of om jouself te laat geld as dit by ander kom nie.

...is nie grootpraterig nie

In 'n verhouding sal 'n mens jousef nie belangriker as die ander persoon ag, jousef belangriker maak as die ander of net heelyd oor jousef praat nie.

...is nie verwaand nie

In 'n verhouding sal 'n mens jousef nie belangriker as die ander persoon ag, jousef belangriker maak as die ander of net heelyd oor jousef praat nie.

5. ... handel nie onwelvoeglik nie

Die beginsel is dat liefde nie met swak styl en swak maniere teenoor ander mense optree nie. Dus tree hulle in goeie smaak teenoor mekaar op omdat hulle mekaar respekteer. Liefde is meer as genade en om iemand in ag te neem, maar nie minder as dit nie.

... soek nie eie belang nie

Liefde is nie selfliefde nie en ongevoeligheid nie. Liefde is nie selfsugtig nie.

... is nie liggeraak nie

Liefde waak teen skielike uitbarstings, geïrriteerdheid, ongelukkigheid deur dinge wat ander se of doen dit gaan nie hier om geregverdigde ongelukkigheid nie (1 Kor. 13:6), maar onbillike optrede.

... hou nie boek van die kwaad nie

Waarom sou jy dit wil doen? As jy die hele die kwaad onthou wat die ander persoon teen jou gedoen het, is dit tog om die ander persoon in eie munt terug te kry. Dit vernietig en bou nie op nie.

6. ... verbly nie oor onreg nie

Liefde kan nie oor die sonde van ander bly word nie – ook nie oor ons eie sonde nie. Daarom kan liefde nie bly wees wanneer ander mense verkeerd behandel word nie.

...verheug hom oor die waarheid

Positief 1: Dit gaan nie net om feitelike waarheid wat mense praat nie (dit ook). Dit gaan om die waarheid dat Christus die Verlosser is EN die waarheid in die Woord van God. Wie lief het, het al drie lief.

7. ...bedek alles

Positief 2: Hiperbool – Liefde maak alles toe, en beskerm daarom. Dit neem nie deel aan die afbreek van ander nie.

... glo alles

Positief 3: Hiperbool – liefde is nie wantrouig en suspisiesus nie. Dit sien die beste in mense raak. Wanneer dit die mantel oor iets gooi wat verkeerd gegaan het, vertrou dit dat daar die beste uitkoms sal kom.

... hoop alles

Positief 4: Hiperbool – selfs wanneer verhoudings seer gekry het, hoop liefde dat dit weer herstel sal word. Solank God se genade daar is, solank is daar hoop en genade vir ons medemens.

... verdra alles

Positief 5: Hiperbool – Dit was 'n militêre term wat gebruik is om aan te dui dat die soldate te alle koste 'n bepaalde posisie verdedig en behou. Dit sou ook met "vasbyt" en "uithou" vertaal kan word. Liefde hou vas aan hulle wat dit lief het – te alle koste. Dit staan teen opposisie, en weier om op te hoop – dit verdra wat aan hom / haar gedoen word.

Die Bybel wys daarom vir ons dat liefde wil opbou en heelmaak. Ons lees hieroor:

Bo alles moet julle mekaar hartlik liefhê, want die liefde bedek baie sondes **1 Pet 4:8**

DIE ESSENSIE VAN NUWE TESTAMENTIESE LIEFDE: VERANTWOORDELIKHEID EN LOJALITEIT.

As liefde dan nie emosie is nie maar daad, dan is die vraag: Wat is die motivering vir hierdie daad wat die oorsaak is dat die Christengelowige eerder daad tot eer van God doen? Daad kan tot eer van die Satan of tot eer van God wees. Mens kan dinge doen om jousef te pas, of optree om God altyd te verheerlik. Die motivering vir liefde in die Nuwe Testament is jou verantwoordelikheid, en jou lojaliteit. Om dit te verstaan moet ons weer

gaan kyk hoe die mense van die destydse Mediterreense gemeenskap (dit is die sosio-ekonomiese en kultuur konteks waarbinne Jesus geleef het) gedink het. Ek maak dit ook van toepassing op ons as Christengelowiges. Kom ek verduidelik:

- **Verantwoordelikheid:**

Dit veronderstel 'n opdrag wat getrou uitgevoer word. Die taak om dit uit te voer rus op jou skouers, en ander kan op jou vertrou om dit uit te voer. **Dit maak nie saak hoe jy daarvoor voel (hou of nie hou nie) nie, jy doen dit want dit moet gedoen word omdat jy die verantwoordelikheid om dit te doen gekry het Dit is 'n opdrag wat jy van hoer gesag gekry het.**

Omdat die Vader die geloofsfamilie se Hoof is, doen ons wat Hy van ons verwag om te doen. Ons vind die opdragte wat Hy gee in Die Bybel. Die wortel van gelowiges se verantwoordelikheid lê in God se opdrag om te doen wat Hy gedoen het. Die Bybel verwys hierna in (Lees dit): **Matt 6:14-15; 18:22-35; Joh. 13:34—35; 1 Joh. 3:16; Joh. 17:18**

- **Lojaliteit:**

Dit beteken **dat jy jouself gee**, en **dat mense op jou kan staatmaak**. Telkens lê die rede waarom die gelowiges iets doen, in die wil van God. **Ons is lojaal aan die wil van God.** Ons het 'n **verantwoordelikheid om lojaal** te wees en God se wil te doen. Om daardie rede word my eie wil en emosie as te ware afgesny, want ek doen God se wil, en leef ek volgens Sy emosies. Ek doen nie somer iets omdat ek so voel nie, want ek doen God se wil. Vir my is daar nie meer **selfliefde** nie, en bestaan die uitgangspunt en lewensfilosofie van "*As dit reg voel, doen dit!*" nie meer nie. Daar is 'n **hoër morele waarde** wat jou riglyn is, en wat jy nastreef.

Ons sien hoe Paulus liefde in **Rom. 8:35, 38-39** verduidelik. Hier sien ons hoe lojaal God ons lief het. Nie God of Jesus sal ons ooit in die steek laat nie. Dit is liefde. Lees **Rom. 8:35, 38-39**

Om lief te hê beteken jy **moet** (verantwoordelikheid), en jy **gaan** (lojaliteit). Daarom lees ons die volgende: **Kol 3:14; Joh. 15:9-10** en **Joh. 14:21**

Dit is dus duidelik dat liefde ook ander mense help.

LIEFDE HELP ANDER

Vir gelowiges gaan dit nie somer oor enige vorm van liefde nie. Dit gaan om daardie liefde wat God het, want ons is Sy kinders. Hierdie is liefde wat help, net soos God die mense gehelp het om gered te word. *Ons het dieselfde karaktertrekke as die Vader, want ons het as te ware ons Vader se geestelike gene in ons.* Ons lees hieroor in: **Joh. 3:16; Rom. 5:8; Ef. 2:4**

Liefde is dus 'n konkrete reaksie op die behoefte van ander mense, en is daar om ander mense te help. God se liefde het gewys dat Hy daar is om ons te help om van sonde ontslae te raak.

LIEFDE LYK VERSKILLEND IN VERSKILLENDE SITUASIES

As liefde nie emosie is nie, is die vraag hoe hierdie liefde dan in die praktyk lyk. Ons gemeenskap mislei ons omdat dit ons laat glo dat liefde beteken dat alles reg is. Dit is deesdae net soos in die tyd van die Rigters. Lees **Rig 21:24**.

Liefde lyk nie so nie, en is ook nie altyd dieselfde soos ons ontwikkelde gemeenskappe dit vandag wil hê nie. Liefde verskil van situasie tot situasie op grond van die eise van verantwoordelikheid en lojaliteit teen oor die Drie-enige God.

Kom ons kyk na enkele voorbeelde hoe Die Bybel liefde konkreet uitbeeld, en hoe dit elke keer verskillend hanteer word. Kyk of jy kan neerskryf wat liefde hier doen:

- As jou broer/ suster (mede-christengelowiges) swaar kry en jy help hom / haar. Lees **1 Joh. 3:17**. Liefde _____
- Aan die ongelowige die evangelie gee sodat hy of sy deel kan word van die geloofsfamilie. Lees **Gal 5:15-17**. Liefde _____
- In Paulus se brief van liefde, 1 Korintiërs, keer hy dikwels nie hulle gedrag goed nie. Uit sy liefde vir hulle spreek hy hulle aan om hulle gedrag te verander – hy doen dit uit liefde. Die boek 1 Korintiërs staan bekend as Paulus se boek van “liefde”. Tog lees ons **1 Kor. 4:18-21**
Liefde _____
- Kyk hoe praat hy met mense wat die nagmaal ligsinnig gebruik. Lees **1 Kor. 11:17, 22**.
Liefde _____
Sy hantering van seksuele sondes. Lees **1 Kor. 5:1-5**. Liefde _____

- Suiwering van die gemeente. Lees **1 Kor. 5:9-13** Liefde _____

- Die gemeente herinner om vir die arm gemeente in Jerusalem finansieel 'n bydrae te maak. Lees **2 Kor. 8:1-6, 10-12**. Liefde is _____

In alles moet ons onself dus die vraag afvra: Wat is die beste in hierdie situasie waardeur ons God eer? Lees **2 Kor. 2:4, 5-8** en **1 Kor. 16:13-14**

TER AFSLUITING

1. Dink nou oor hoe jy voor hierdie Bybelstudie oor liefde gedink het, en hoe jy nou oor liefde dink. Wat is dieselfde, en wat het verander?
2. Hoe gaan dit jou betrokkenheid as die geloofsfamilie van Lynnwoodrif Gemeente beïnvloed?
3. Wat is die verskil tussen die manier hoe liefde vandag in die Suid-Afrikaanse konteks uitgeleef word, teenoor hoe dit in die Bybelse tye uitgeleef is?

4. Watter een ding kan jy hierdie week doen wat 'n bewys sal wees dat jy as Christengelowige lief het.



Tema 2: VREUGDE

1. 'N GOD WAT SPEEL...

Hierdie gespreksgeleentheid vra dat jy buite die boks sal dink en jouself sal toelaat om te lag, om te speel, om kreatief te wees.

Skryf of teken 'n bietjie:

Hoe lyk jou prentjie van God?

Hoe ervaar jy Hom?

--	--

Het jy al aan God gedink as iemand wat speel of spelend is? God het ons geskep om Hom te verheerlik. Dit is ons as mens se belangrikste taak op aarde. Hy het die heelal gemaak om Hom te verheerlik met 'n ligte hart. Hoe verheerlik ons God?

Lees saam Psalm 16:5-9

⁵ Alles wat die Here vir my doen, maak my vol vreugde. Hy is die grootste geskenk wat ek nog ooit gekry het. U sorg vir my, Here.

⁶ U het die mooiste dinge in die lewe vir my gegee.

Ek kan nie uitgepraat raak oor al die wonderlike dinge nie.

Dit maak my baie gelukkig. Ek bly in 'n mooi land.

⁷ Ek sal die Here prys.

Ek wil sy Naam grootmaak omdat Hy my hand vat en my op die regte pad lei.

Selfs as ek slaap, weet ek Hy is by my.

⁸ Daar is nie 'n oomblik van die dag dat ek nie aan die Here dink nie.

Hy is die belangrikste in my lewe.

Hy is altyd by my.

⁹ By Hom is ek veilig; Hy hou my op die regte pad.

Ek is baie bly; my blydskap hou nooit op nie.”

God het die wêreld geskep vir Sy eie genot, en ons hoogste doel as geskapenes is dan ook: om God te verheerlik en Hom vir ewig te geniet (Kategismus van Westminster, 1647). Ons lewens handel minder oor “sukkses” as oor die oneindige vryheid wat ons het om mee te doen

aan die oneindige vreugde van die Skepper. (Immanuel van Tonder in “Leef lig: Lag en Speel”, September 2013)

Gesinstyd: Moenie die televisie aansit vanaand nie. Gesels oor dit wat julle as individue gelukkig maak. Vra vir die Here om julle die week bewus te maak van Sy vreugde wat wil posvat in julle lewens.

2. GELUK VS. VREUGDE

Gesels oor die volgende: Wat maak jou gelukkig?

Dis belangrik dat ons moet beseft dat werklike diep vreugde nie aan 'n spesifieke gebeurtenis gekoppel is nie. Ware geluk kom nie van buite af nie, maar is iets wat mens innerlik ervaar. Ons verwar dikwels geluk en vreugde. Vreugde is nie iets wat ons kan najaag nie. Beide geluk en vreugde is 'n emosie, 'n resultaat van iets wat gebeur het.

Wat is die verskil tussen geluk en vreugde? Gesels daaroor.

Dit is belangrik dat ons die onderskeid tussen geluk en vreugde maak. Thomas Currie skryf in sy boek “The joy of ministry” dat geluk iets is wat ek *laat gebeur*, maar vreugde aan die ander kant is iets wat *met my gebeur*. Dus, diep innerlike vreugde kan nie vanuit onself kom nie, dit word nie deur situasies veroorsaak nie. Dit kom van God. Is ek bewus van God se werk in my lewe? Weerspieël ek Sy hart aan ander?

Ons as Christengelowiges behoort aan Jesus Christus. Hy het die duur prys vir my en jou betaal. Ons is nou sy eiendom. Daarom, wanneer ons agter Hom aanloop, wanneer ons bely dat ons Sy kinders is, moet ons lewens Sy hart en karakter weerspieël. Paulus het dit gesnap. Ons kan dit nie vanuit onself regkry nie, maar ons “...lewe deur die Gees; laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal.”

Dit is belangrik dat ons as gelowiges van tyd tot tyd voorraadopname doen t.o.v. ons eie lewens en hoe ons dit inrig. Leef ons Geesvervuld en hoe doen ons dit? Deur die loop van die week sal ons (hopelik) by 'n antwoord uitkom.

Gesinstyd: Haal daardie bordspeletjies wat julle so lanklaas gespeel het uit. Lag vir 'n slag ordentlik saam. Maak 'n lys van dinge waarvoor julle dankbaar is vanaand en vra vir die Here om julle bewus te maak van Sy vreugde.

3. WAT DIE HART VAN VOL IS

Ons almal ken die spreekwoord “wat die hart van vol is, loop die mond van oor.” Daar lê egter 'n groot waarheid daarin opgesluit. Dit wat ten diepste binne myself aan die gang is, gaan op een of ander manier sigbaar word my manier van leef. Deur die loop van die week het ons

vir mekaar gesê dat ware vreugde net van God af kan kom. Hoekom loop ons dan nog met lang gesigte rond? Dalk het dit te doen met die feit ons as gelowiges God op 'n eksterne manier dien. D.w.s. dat ons by die regte dinge betrokke is, maar dat bitter min van ons bereid is om werklik toe te laat dat God se Gees ons van binne af deurspoel en nuut maak.

Lees saam Lukas 6:44-46

“n Mens ken 'n boom uit aan die soort vrugte wat dit oplewer. Niemand verwag tog om vye aan 'n doringbos te kry nie. Of druiwe aan 'n spul doringtakke nie. Goeie mense is soos goeie bome. Uit hulle binneste kom

daar net goeie dinge. En slegte mense is soos slegte bome. Uit hulle binneste kom daar net lelike dinge. Luister maar net na wat mense sê, dan weet julle watter soort mense hulle is. Mense se woorde wys wat in hulle harte aangaan.”

Wat maak hierdie woorde in jou wakker? Die verantwoordelikheid lê by ons as Christen gelowiges om bewus te wees van dit wat ek weerspieël. Ons moet heeltyd voorraadopname doen van waarmee ons besig is, wat ons weerspieël en die dinge wat God in ons wil vorm en verander sodat ons Sy vrug kan voortbring. Ons kan dus die spreekwoord verder neem en sê “Wat die hart van vol is, loop nie net my mond nie, maar my hele lewe van oor.”

Gesels oor die volgende:

Wat weerspieël ek op die oomblik in my werk, in my gesin, by die skool/universiteit?

Wat staan in die pad van God se vrugte in my lewe?

Vra vir die Here om jou bewus te maak van die donkerplekkies wat die groei van Sy vrug in jou lewe verhinder.

4. VAN SELFGESENTEERDHEID NA LOF-GESENTEERDHEID

Die lewe is van so aard dat dit altyd of die “self” fokus. Een van die eerste vrae wat ons altyd vra (en dit gebeur meestal op 'n onbewustelike vlak) is “what’s in it for me?” Jy sien, wanneer ons leef vanuit ons identiteit in Christus, moet ons die karaktereienskappe van Christus weerspieël. Wanneer ons hierdie karaktereienskappe begin weerspieël, dan kan ons nie anders as om die “self” na die agtergrond toe te skuif nie. Ons kan nie net meer aan onself en ons eie belange omsien nie. Dit is belangrik dat ons begin praat en begin DOEN wat Jesus vir ons kom leer het. Hierdie dinge doen ons op 'n bepaalde manier, met 'n bepaalde gesindheid. Hierdie gesindheid word gelei en gevorm deur die Heilige Gees. Een van die belangrikste eienskappe van hierdie gesindheid moet gekenmerk word deur VREUGDE. Dit is somer tweede op Paulus se bekende lysie in Galasiërs 5:22,

“22Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, 23nederigheid en selfbeheersing. Teen sulke dinge het die wet niks nie...”

Hierdie vrugte kan nie vanuit onself gebeur nie, maar gebeur met ons wanneer ons onder die leiding van die Heilige Gees inbeweeg. Dit is dan wanneer God jou fokus word en alles in jou lewe begin vorm. Wanneer ons hierdie vrugte ons eie maak en besef dat dit van God af kom, dan verander ons selfgesentreerdheid na 'n lof-gesentreerdheid omdat ons wil bars

Wanneer ons besef dat God oor ons jubel, wanneer ons opnuut herinner word aan Jesus wat vir ons aan die kruis gesterf het, dan kan ons bars van vreugde te midde van pyn en swaarkry, want dit is dan wanneer vreugde ons omstandighede transendeer. Dit is dan wanneer ons besef dat dit iets is wat MET ons gebeur, en nie iets wat ons LAAT gebeur nie.

- ***Vreugde word geoefen in ons eredienste***

Dis die ideale plek waar ons saam daarvoor kan dink, kan praat, kan sing en getuig. Die bekende Psalm 100:1-2 staan daar *“Juig tot eer van die Here, almal op aarde! Dien die Here met blydschap. Kom voor Hom met gejebel”* In hierdie Psalm alleen kom daar 5 verskillende Hebreeuse woorde navore om die vreugde van die Psalmdigter uit te druk. Dit is baie moeilik om die vreugde te wys as jy dit nie saam met mede-Christene kan wys nie. Dit is hier waar ons mekaar vertrou, dis hier waar ons mekaar kan aanspoor om anders en Geesvervuld te leef, dis hier waar ons mekaar kan aanspreeklik hou.

- ***Vreugde word geoefen in ons geloofsfamilie***

Ons moet dankbaar wees dat ons nie die geloofsreis alleen hoef aan te pak nie. Ons is immers deelgemaak van 'n gemeenskap van gelowiges. God het ons aan mekaar gegee as gawes om mekaar te bemoedig en om sy vreugde aan mekaar oor te dra.

- ***Vreugde word geoefen in ons families***

Wanneer laas het julle as gesin net lekker gelag? Wanneer laas het julle saam grappies gemaak? Wanneer laas het julle sommer net lekker speletjies gespeel en lal gewees? Dis asof die lewe ons een hou op die ander gee en ons perspektief verloor. Ons gesels ure oor al die geweld en misdaad; ons kyk ure na TV stories en DVD's waar mense mekaar doodmaak en uitwis; ons speel rekenaarspeletjies waar ons voortdurend moet kompeteer.

Help julle mekaar as familie om vreugde te beleef? Herinner julle mekaar WAAR daardie vreugde vandaan kom?

- ***Vreugde word geoefen op die “Markplein”***

Hoe beleef mense jou in jou werk of by die skool? Iemand met 'n suorgesig, of iemand wie se gesig straal? Hoe hanteer jy jou vergaderings en mense wat saam met jou of onder jou werk? Hoe hanteer jy jou maats, of die kinders wat jy nie mee meng nie? Ons as Christen gelowiges het 'n Goddelike opdrag om Geesvervuld te leef, daar waar ons beweeg.

6. REFLEKTEER OOR DIE WEEK SE TEMAS

1. Wat het vir jou uitgestaan?
2. Wat het jou ge-“challenge?”

Kry iemand in jou gesin of omgeegroep wat jou “accountability buddy” kan wees. Oefen hierdie vreugde tot dat dit jou tweede natuur word. Hou mekaar aanspreeklik en onthou dat God se Gees jou gewillig en bekwaam maak.

Gesinstyd: Neem die film “Happy feet” uit en kyk dit saam.



Tema 3: VREDE

1. Inleiding

Ek dink ons tree baie maal op asof God lappieswerk doen. Met lappieswerk bedoel ek halwe werk. Ons lewe so asof dit wat God vir ons gedoen het, nie genoeg was nie. Asof dit nog iets kortkom, en ons dink dan dat ons dit self kan of moet doen. Dink na oor die gedagte en oor tekste in die Woord wat juis die teendeel bewys.

Ons lewe so asof die vrede wat God gebring het in Jesus, nog nie rêrig hier is nie. Ons hoop dit sal eendag kom, en intussen koets ons maar so onderdeur die koeëls wat ons dink nog vlieg. Ons maak amper soos die oom wat hulle in die oerwoude van een van die Filippynse eilande gekry het.

In 1974, toe kom oom Hiroo Onoda uit die bos gestap op Lubang. Hy was 'n intelligensieoffisier in die Japannese weermag in die 2de wêreldoorlog: 1939-1945! Hy het weggekruip vir die Amerikaners, en nooit gehoor die oorlog is verby nie! Van 1945 af! Tydens die oorlog, is hy geskei van sy makkers en hy het in die bosse gaan wegkruip uit vrees vir sy lewe. Op 'n keer het hy uitgeloer en 'n groot gewerskaf onder die Amerikaanse troepe op die hawe gesien. Toe dink hy dat hulle regmaak vir 'n groot aanval, min wetende dat hulle eintlik besig was om op te pak om huis toe te gaan. Soms het hy nog skote gehoor, maar die vrede het reeds aangebreek, die oorlog was verby, al het daar nog hier en daar 'n paar skermutselings plaasgevind. Diep in die grot het hy bly weggekruip, al het vrede aangebreek. Vir vyftig jaar moes daardie arme Japannese soldaat in absolute vrees geleef het, want hy het gedink die oorlog gaan nog aan.

Maak jy ook soos Hiroo Onoda? Dink na oor iets waar jy dieselfde opgetree het.

Ware vrede, die enigste ware, blywende vrede — die vrede waarvan die Bybel praat — dit het al bykans twee duisend jaar gelede aangebreek, maar ons leef asof die oorlog aan die gang is! Die laaste, die beslissende veldslag was die kruisdood en opstanding van Jesus Christus.

Die Vrede het begin toe 'n babatjie in Betlehem in 'n krip gebore is. Toe die engelekoor gesing het: "Eer aan God in die hoogste hemel, en vrede op aarde vir die mense van wie God baie hou!"

Vrede op aarde: dit is nie maar net 'n leë droom van iets wat eendag nog ver in die verskiet

gaan gebeur nie. Dit is 'n werklikheid en dit is die waarheid — die vrede van Jesus Christus, vrede tussen God en mens, is hier, dit is nou hier!

En as ons om ons en binne in ons kyk, sou jy nooit meen dat die **Vrede** aangebreek het nie.. Dis oorlog net waar jy kyk!

Baie mense, ook baie godsdienstige mense, kerkmense – leef asof asof die oorlog maar nog steeds aan die gang is, asof Jesus se koms na die aarde eintlik niks verander het nie.

2. Lees saam

Iets hiervan sien ons ook in die gedeelte wat ons vanoggend uit Markus 2 lees.

¹³Jesus het weer na die see toe gegaan. 'n Hele menigte mense het na Hom toe gekom, en Hy het hulle geleer. ¹⁴Toe Hy by die tolhuis verbygaan, sien Hy vir Levi seun van Alfeus daar sit, en Hy sê vir hom: “Volg My!” Levi het opgestaan en Hom gevolg. ¹⁵Daarna het Jesus in Levi se huis gaan eet. Baie tollenaars en sondaars was saam met Hom en sy dissipels aan tafel, want daar was baie van hulle wat Hom gereeld gevolg het. ¹⁶Toe die skrifgeleerdes onder die Fariseërs sien dat Hy saam met sondaars en tollenaars eet, het hulle vir sy dissipels gesê: “Waarom eet hy saam met tollenaars en sondaars?” ¹⁷Jesus het dit gehoor en Hy sê vir hulle: “Dié wat gesond is, het nie 'n dokter nodig nie, maar dié wat siek is. Ek het nie gekom om mense te roep wat op die regte pad is nie, maar sondaars.” Johannes se volgeling en die Fariseërs was besig om te vas, en die mense kom toe en vra vir Jesus: “Waarom vas die volgeling van Johannes en die volgeling van die Fariseërs, maar u dissipels vas nie?” ¹⁹Jesus antwoord hulle: “Kan die bruilofsgaste dan vas terwyl die bruidegom by hulle is? Nee, solank hulle die bruidegom by hulle het, kan hulle nie vas nie. ²⁰Maar daar sal 'n tyd kom wanneer die bruidegom van hulle af weggeneem sal word. Dan, op daardie dag, sal hulle vas. ²¹“Niemand lap tog ou klere met ongekrumpte materiaal nie, want dan skeur die nuwe lap nog 'n stuk van die oue uit, en die gat word net groter. ²²“Niemand gooi ook nuwe wyn in ou velsakke nie, want dan laat die wyn die sakke oopbars, en die wyn sowel as die sakke gaan verlore. Nuwe wyn word in nuwe sakke gegooi.”

Jesus is in die tollenaar Levi se huis. Daar is 'n klomp mense daar bymekaar, mense wat deur die godsdienstige leiers van die tyd neerhalend beskryf sou word as 'n klomp “tollenaars en sondaars.”

Jesus is NIE hier besig om ernstig vir hulle te preek nie, nee, Hy is besig om partytjie te hou! Hulle sit saam om 'n tafel en kuier en eet te lekker. Lukas 5 sê dat hulle 'n groot feesmaal gevier het!

Die godsdienstige leiers, die Fariseërs, was duidelik nie beïndruk nie. Sulke optrede pas nie by iemand wat die Messias kan wees nie — en veral nie as Hy saam met tollenaars en sondaars nie kuier nie.

Fariseërs het geglo aan 'n lewe van streng dissipline (613 reëls), 'n lewe van gereëelde vas en bid, vas waarmee hulle juis nou besig was, saam met die volgeling van Johannes die Doper. En toe van die mense vir Jesus daar dit sien, vra hulle vir Hom “Hoekom vas jy en jou volgeling nie?”

Waarop Jesus dan antwoord: “Mens vas mos nie op 'n bruilof nie! Solank hulle die bruidegom op die partytjie is, kan die gaste nie vas nie.”

Jesus sê in soveel woorde : Hier staan die Bruidegom voor julle en julle sien hom nie! Nou is dit nog die tyd om fees te vier en as jy feesvier, kan jy tog nie vas nie!

Die Fariseërs vas omdat hulle dink hulle kan deel word van die bruilofsgaste deur te vas. “Kom ons vas, dan word ons dalk uitgenooi bruilof toe!”

In ons taal klink dit dalk so: “Ek doen darem my bes. Die Here sien dit seker darem raak? Ek behoort minstens aan die kerk en my kinders is gedoop. Dit tel seker darem punte

Die dissipels weet hulle is bruielofsgaste, en hulle kan bly wees daaroor.

God werk nie met laslappies nie! Maar dit is so baie keer wat ons van die evangelie probeer

maak – 'n lappieskombers! Hierdie stukkie doen ek soos ek wil, daardie stukkie sal ek doen soos Jesus wil. Hierdie stukkie van Jesus se verlossing aanvaar ek, daardie stukkie wil ek nog op my eie probeer regkry — en so loop ons rond met 'n klomp stukkie van Jesus die Saligmaker waaraan ons probeer vasklou, maar ons sien nie die volle prentjie nie en ons kom nie uit by die volle vreugde van die fees van die saligheid nie! Ons ervaar nie regtig hoe God se kombers ons toevou en warm maak en beskerm nie. Ons probeer so nou en dan om ons stukkende ou lewe te lap met 'n stukkie van Jesus se nuwe lewe – maar die ou lap hou nie!

Jesus sê: Niemand lap tog ou klere met ongekrumpte materiaal nie, want dan skeur die nuwe lap nog 'n stuk van die oue uit, en die gat word net groter. Niemand gooi ook nuwe wyn in ou velsakke nie, want dan laat die wyn die sakke oopbars, en die wyn sowel as die sakke gaan verlore. Nuwe wyn word in nuwe sakke gegooi.

Wanneer Paulus oor hierdie saak praat, dan klink hy baie soos Jesus.

“Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom.” 2 Korintiërs 5:17

Die evangelie van Jesus Christus bring nie herstelwerk nie, dit bring verlossing. Dink na oor die gedagte.

Elke keer dat Jesus iemand teëkom en roep om saam te gaan, maak Hy hulle **lewe NUUT**.

- Vissers van mense
- Moenie meer sonde doen nie
- Jou geloof het jou gered

Dit wil nie maar net die oue opknap nie, dit vertel van die nuwe lewe in Jesus Christus. En God doen nie halwe werk nie en Hy doen ook nie laslapwerk nie.

Vat enige area van jou lewe wat nou voel soos 'n oorlog:

- Huwelik
- Kinders
- Ouers
- Werk
- Kerk
- Skool

As jy eerlik is – kan jy sien hoe jy die oorlog voortsit?

Hoe jy aanhou om gevegstaktiek op die mense om jou uit te haal – en dit terwyl ons nuwe wyn in nuwe sakke moet wees.

Dink in al die gevalle: Watter verskil maak Jesus se Vrede nou? As jy die VREDE van Jesus in jou het. Hoe sal die situasie lyk? “Laat die vrede van God in julle harte heers” – Kolossense 3:15

Wanneer ons onthou dat ons die geliefde kinders van God is, en wanneer ons ophou om ons ou lewe met stukkies nuwe lap te las, dan kan ons ook met nuwe oë na die doop kyk. Ons kan nou ook die doop sien as 'n feesmaal. As 'n viering van dit wat die waarheid is – nie net amper nie – heeltemal.

Want ook die doop is 'n teken van vrede. Ook in die doop doen God nie lappieswerk nie. Want met die doop sê God: Ek sal jou God wees, Ek sal ook die God wees van hierdie kinders wat vanoggend gedoop word. Nie net 'n lappie hier en 'n lappie daar nie. Al dwaal hulle soms af. Al dwaal hulle ouers soms af. Want daar het vrede tussen God en mens gekom. En as teken van hierdie vrede word ons gedoop in die naam van die Vader, die Seun en Gees. Die Vader het ons lief en gee vir ons vrede. Die Seun kom wys dit vir ons op tasbare manier, en die Gees sal ook hierdie kinders vul met daardie vrede van God wat alle verstand te bowe gaan.

Die doop sê: daar is vrede tussen ons en God. Daarom kan daar vrede op aarde en tussen mense wees.

God doen nie lappieswerk nie. Hy bring vrede... vir almal.

Sy vrede is nie passiewe vrede nie. Dit is nie die afwesigheid van konflik of toesmeer van kwaad nie. Dit is nie tevredenheid nie. Dit is 'n aktiewe vrede. Ongelukkig vaar die wêreld die afgelope 3000 jaar goed met oorlog. Dit is inderdaad tyd dat die wêreld se mense begin oefen, nie om te skiet nie, maar om vrede te maak. Daarin moet ons as Christene die wêreld ver vooruit wees, want ons dien die Vors van vrede.

3. Heidelbergse Kategismus Vraag 107

Vraag 107: Het ons die gebod gehoorsaam as ons maar net nie ons naaste doodmaak, soos hierbo gesê is nie?

Antwoord: Nee, terwyl God afguns, haat en woede verbied, gebied Hy dat ons ons naaste moet liefhê soos onself (a). Ons moet teenoor hom geduldig, **vredeliewend**, sagmoedig, barmhartig en vriendelik wees (b), alles wat hom kan benadeel, sover moontlik probeer voorkom (c) en selfs aan ons vyande goed doen (d).

Tekste

(a) Matt 22:39; 7:12; Rom. 12:10. (b) Ef. 4:2; Gal 6:1, 2; Matt 5:5; Rom. 12:18; Luk 6:36; Matt 5:7; 1 Pet 3:8; Kol 3:12. (c) Eks 23:5. (d) Matt 5:44, 45; Rom. 12:20.

Met die wete dat God vrede bring, in elke faset van die lewe. Hoe kan dit jou aktiveer in geloof, maar ook in roeping?

Ontvang eers vrede, dan die res! In Lukas 10:5-9 leer Jesus Sy dissipels om eers vrede te bedien, voor hulle genesing bedien! Wanneer vrede heers, kan mense God se genade en guns ook ervaar. Jesus leer ook dat 'die Koninkryk naby julle gekom het' wanneer mense dan wel bedien kon word. (v9) Vrede is 'n teken dat die Koninkryk naby ons lewens gekom het. Sy Koninkryk word gekenmerk aan vrede sonder einde! (Jes 9:6-7)

Is Lynnwoodrif Gemeente op die plek of op pad na hierdie **vrede** toe?

Heers daar vrede in jou lewe, omdat God dit aan jou gee? Is vrede 'n gawe of kan dit aangeleer word?

'n Gesang van St. Franciscus van Assisi

(Engelse eerstelyn | Make me a channel of your peace)

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
waar haat is, laat ek daar u liefde bring:
Laat ek in pyn en smart vertroostend wees
en krag gee deur geloof in U, o Heer.
*O Heer, help my om altyd so te leef -
om ander hoër as myself te ag,
ja, om lief te hê – ander bo myself -
en ook eerder te gee as te verwag.*

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
en laat ek hoop gee waar daar twyfel is.
Ek wil u lig in duisternis laat skyn.
Laat ware vreugde altyd uit my straal.
O Heer, help my om altyd so te leef -

*om ander hoër as myself te ag,
ja, om lief te hê – ander bo myself -
en ook eerder te gee as te verwag.*

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
leer my om ook soos U te kan vergeef.
Maak my bereid om aan myself te sterf,
dat ander U al meer in my kan sien.

